VERSLAG TRANSORANJE INSTITUUT

FINANSIES

2007 was weereens ‘n jaar vol hoogtepunte! Die Instituut het 60 jaar van genade gevier en sien uit na die volgende 60 jaar. 2007 het verskeie “eerstes” opgelewer – die Jaarverslag is vir die eerste keer op die Internet gepubliseer, daar is vir die eerste keer ‘n TOIBO Gholfdag in Pretoria gehou en die eerste publikasie van TOIBO e-nuus het die lig gesien.

Die Instituut is die borgliggaam vir die volgende vyf skole:

- Transoranje-skool vir Dowes,
- Transvalia-skool vir Epileptici,
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes,
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes en
- Hoërskool Martie du Plessis (Bloemfontein),

‘n Bedrag van R 919 120 is die afgelope boekjaar aan hierdie skole toegeken, ter verligting van ‘n toenemende finansiële las, wat aan ‘n veskeidenheid faktore toegeskryf kan word. Hierdie subsidies en toekennings beloop ongeveer 72.5% van die totale uitgawes van die Instituut.

• Maandelikse subsidie :	541 128
• Behoeftige leerders :	378 055
• Fondse gewerf vir spesifieke projekte:	3 000
	922 183

Die Trustees van die Klein Hannes Fanus Trustfonds het ‘n verdere bedrag van R 20 000 bewillig aan Transvalia-skool vir Epileptici en leergestremdheid vir die aankoop van toerusting.

Die Stigterslede nl die drie Afrikaanse Susterkerke en hul gemeentes bly steeds die grootste bydraer tot die fondse van die Instituut. Gedurende 2007 is ‘n bedrag van R 640 887.28 ontvang wat saamgestel is uit verpligte bydraes en donasies/spesiale kollektes vanaf gemeentes. Hierdie bedrag beloop 51.7% van die totale inkomste.

NAAM	KERK	GEMEENTES	TOTAAL
NG Kerk	267 414.69	62 130.05	**329 544.74**
Hervormde Kerk	39 774.26	3 850.00	**43 642.26**
Geref Kerk	209 760.83	57 947.45	**267 708.28**
TOTAAL	**516 949.78**	**123 927.50**	**640 877.28**

Groot dank is verskuldig aan die Herv Kerk wie die kantoor van die Instituut steeds gratis huisves in die Dirk vd Hoffgebou.

Projek Bartimeus (spaarbussieprojek in die Hervomde Kerk van SA) het gedurende 2007 ook R30 919.80 opgelewer.

Die grootste bydraer bly egter steeds die NG Kerk, waarvan die NGK in die Vrystaat gedurende Februarie reeds R75 500 bygedra het. Die NG Maatskaplike diens (Vrystaat) het gedurende die jaar R19 399 bygedra en gemeentes uit die Vrystaat het ‘n verdere R4 727.45 bygedra.

Ons vertrou die bydraes gedurende 2008 ‘n mooi opwaartse nyging sal hê met die uitrol van meer projekte asook meer besoeke aan gemeentes en dat die Instituut sy ondersteuning aan die 5 skole in die nabye toekoms verder sal kan verhoog.